

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 176**

(Mei 1983)

## **Wedergeboorte Die werk van God**

\* \* \* \* \*

"... as iemand nie wedergebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie" Joh. 3:3

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# *Vleeslike en geestelike geboorte*

Het jy 'n sê daarin gehad dat jy graag gebore wil word? Nie.

Dit is mos vanselfsprekend dat jy of ek nie 'n sê daarin kon gehad het nie. Ons weet dan nie eers dat ons gebore is nie. Ons was heeltemal passief in ons eie geboorte. Ons *word* deur ons ouers verwek. Ons *word* gebore. Ons kan niks daarvan onthou nie. Ons moeders moet ons daarvan vertel.

Hulle leer ons, ons geboortedatum en mettertyd leer ons dit onthou. Vir die samelewing het jou geboortegeskiedenis en jou geboortedatum geen betekenis nie. As jy goeie diens lewer as sweiser, bouer, geneesheer of prokureur is almal egter dankbaar dat jy wel daar is. So is dit ook met ons geestelike geboorte gesteld.

Jy *word* geestelik weer gebore. Van Gods Gees gaan die daadkrag uit. Die Heilige Gees weet van daardie oomblik van daadkrag, alles van my af. Die wedergeboorte is 'n regstreekse inwerking deur die Heilige Gees in die mees innerlike van my wese — so in die kern van my wese, as mens - so in die raakpunt - daar waar die beste X-strale nie kan lig nie, waar die knapste chirurg nie kan oopsny nie.

Hier gaan dit nie om my liggaam nie, maar om my **wese as mens as skepsel van God, my geesteslewe. Daarvan weet Gods Gees alles af.**

**Daar gaan geen daad van my uit nie, soos by my liggaamlike geboorte.**

Wil jy 'n datum hê waarop jy wedergebore is? Dit kan die Heilige Gees alleen aan jou gee.

Hy kan dit vir jou sê.

Maar by God gaan dit nie daarom **wanneer** jy wedergebore is nie, maar **dat** jy wedergebore is.

Wat maak 'n datum dan saak in hierdie lewe as 'n lewe in die ewigheid op jou wag.

Die tyd gaan op in die ewigheid.

Maar ek weet wel dat ek gebore is. Ek sien my eie liggaam. Dit leef en beweeg.

So weet ek ook dat ek wedergebore is.

As ek sonde gedoen het dan verlustig ek my nie meer daarin nie.

Ek staan daaruit op.

Ek bid soos Dawid in Psalm 51:3:

*"Wees my genadig, o God, na U  
goedertierendheid;  
delg my oortredinge uit na die  
grootheid van  
U Barmhartigheid."*

Ek bid tot God. Ek is op God gerig.

Staan ek op uit die sonde dan gaan ek na my Vader. Hy bly my Vader.

My sonde laat my ook Ps. 51 : 12 van ganser harte as wedergebore kind bid:

*"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut  
in die binneste van my  
'n vaste gees."*

Dan weet ek *dat* jy gebore is en **dat** jy wedergebore is.

**Ds. Andries H. Mulder.**

# *Die Heilige Gees en die Wedergeboorte*

"As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3).

## **Wat is wedergeboorte en Hoé vind dit plaas?**

Die Wedergeboorte roep God se uitverkore kinders uit die duisternis tot die wonderbare lig van Jesus Christus. Só vernuwe God deur sy Gees, die harte van sondaarmense wat hard is.

Hy open so die hart wat gesluit was. Hy breek so die verset.

Hy buig die wil van die mens om en maak die wil aan Hom gehoorsaam, sodat die bose wil, nou inderdaad goed word, volgens Gods wil.

Deur die wedergeboorte word die lewenskoers van die sondaarhart heeltetal verander sodat ons, ons gawes en kragte in diens van God kan stel.

Dit alles is die heiligende werk van die Heilige Gees wat uitgestuur is deur die Vader en die Seun — wat met ons, in ons werk. **Die wedergeboorte is verborge.** Ons weet nie altyd wanneer dit plaasvind nie.

God bewerk dit deur sy Gees,  
op sy tyd,  
soos wanneer dit Hóm behaag.

Die Apostel Paulus skryf hieroor die volgende: "God het ons verlos, nie op grond van iets . . . deur Jesus Christus ons Verlosser" (Titus 3 : 5 en 6. Nuwe vertaling).

## **Waardeur kan gesien word dat 'n mens wedergebore is?**

Die wedergeboorte is om te leef in Christus. Die Heilige Gees kom nou in die wedergeborene woning maak en regeer en lei nou sy lewe.

In Romeine 8:14 sê Paulus: "Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei is kinders van God, en ook mede-erfgename van Christus." In Galasiërs sê Paulus: "Ons léwe deur die Gees, laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal" (Gal. 5 : 25).

Toe Jesus Christus so in die lewe van Paulus gekom het, op die pad na Damaskus, het Paulus aan Hom gevra: "Wat moet ek dóén, Here?" Om wedergebore te wees is om "nee" te sê vir die sonde en "ja" vir God.

## **Doen 'n wedergebore mens dan nooit meer enige sonde nie?**

Paulus waarsku in Ef. 4:30: "Moenie die Heilige Gees bedroef nie, want Hy het julle as eiendom van God beseël met die oog op die Verlossingsdag."

'n Wedergebore mens kan sondig — geen mens is immuun teen die sonde nie.

Paulus sê self: "Wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat dit doen ek."

*Maar:*

Alleen die wedergebore mens kan hom bekeer — omdat God se Gees in hom is. Deur die krag van die Heilige Gees word so 'n mens telkens uit sy sonde opgetel en gelei om steeds teen die sonde te veg.

'n Wedergebore mens hou in die geloof aan God en sy Woord vas — ómdat hy deur God se Gees vasgehou word.

**H. J. K. Saayman.**

# *Totale onbekwaamheid sonder wedergeboorte*

Ek het 'n groot stuk skoon, wit papier. Ek trek daarop 'n lyn met potlood, in die hoop dis 'n reguit lyn. Die maklikste manier om nou te sien óf daardie lyn reguit of krom is, is om 'n reguit lyn daarnaas te trek. Ja, weet jy . . . dis wat die Bybel telkens en nogmaals aan ons sê:

- die mens se lewe is só sondig;
- só verdorwe;
- só krom . . . dat alléén met die reguit lyn van die Bybel ons die kromheid en diepte kan peil van ons eie sonde en ellende.

Uit die aard van jou mens-wees wil niemand graag hoor: jy is sleg . . . en sondig . . . en ellendig . . . en verdorwe . . . en krom nie. Ons wil dit nie hoor nie — praat nie eers daarvan dat jy dit sal erken nie. Doen die moeite en meet net 'n keer jou "krom" lewe aan die hand van die reguit lyn van God se Woord . . .

- wat 'n fiasko;
- wat 'n skrikwekkende ontdekking:

Kan dit waar wees dat 'n mens se lewe só krom is?

Geliefde leser, neem jou Bybel . . .

lees bietjie . . . soek bietjie . . .

meet en pas; en jy sal die krom lewe

van die mens sien uittroon:

Lees Genesis 6:5

- Toe sien God dat die *boosheid* van die mens groot was en alles wat hy in sy hart bedink "net altyddeur *sleg* was."

Kyk ook na Job 15:35

- "Die mens baar *onheil* en hulle skoot bring *bedrog* voort."

En Paulus sê in Romeine 3 : 10 tot 18 onder andere die volgende:

- daar is niemand regverdig nie;
- daar is niemand verstandig nie;
- daar is niemand wat God soek nie;
- almal het afgewyk;
- daar is niemand wat goed doen nie. Ook sê hy in Romeine 7:15
- "Wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek". En Romeine 7:19
- "Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek."

Wat 'n krom en verdorwe en slegte en onbekwame lewe. Daarom bring

dit Paulus by dié punt dat hy dit uitsmeek in Romeine 7:24:

"Ek, ellendige mens! *Wíé* sal my *verlos* van die liggaam van hierdie dood?".

Hy soek verlossing — hy soek genade — hy soek 'n adres van uitredding.

En . . . hy vind dit in vers 25: "Ek dank God deur Jesus Christus".

Christus . . . en Christus alléén!

U weet, ek dink dat as God aan enige mens 'n getuigskrif moes gee, kon dit nie *anders* gelyk het as:

- dood in sonde
- geneig tot kwaad
- onbekwaam tot enige goed
- totaal verlore
- onbruikbaar . . .

Dis die krom lewe van die sonde. 'n Krom lewe naas die reguit lyn van die Bybel. *Maar . . . nou gebeur daar 'n wonder:*

- die wonder van die kruis van Jesus Christus
- die onmoontlike by die mens word moontlik in God
- die kromlyn word 'n reguit lyn in Jesus Christus. Die krom lyn van ons sonde-lewe?
- sonder wedergeboorte in Christus ... dit bly krom.
- ná wedergeboorte in Christus . . . 'n reguit lyn deur God se Gees. Daarom sê Jesus in Johannes 3:3 — "As iemand nie *weer gebore* word nie, kan hy die Koninkryk van God nié sien nie."

Dis die groot gawe deur Jesus Christus . . . vir elkeen wat *GLO!*

Ek, ellendige mens!

Ek dank Gód deur Jesus Christus.

***Nico Ligthelm.***

# *Die vrug van jou wedergeboorte*

Jesus sê aan Nikodémus: "As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie." En verder: "As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die Koninkryk van God kom nie."

Hier is sprake van 'n nuwe *geboorte*, 'n *wedergeboorte* naas jou eerste, natuurlike geboorte.

Dit impliseer dat elke mens geestelik dood is, en geestelik weer gebore moet word tot 'n nuwe lewe.

Soos wat jou geboorte die begin was van jou natuurlike lewe, so is die wedergeboorte die begin van 'n nuwe lewe in die dooie hart van 'n sondaarmens — die opstanding uit 'n geestelike dood.

Die Bybel stel dikwels die onderskeid tussen die ongelowige en die gelowige in terme van die dood en lewe. So lees ons in Efesiërs 2:5: "Ons wat *dood* was as gevolg van ons oortredinge, het Hy saam met Christus weer *lewend* gemaak."

En hierdie opwekking uit die geestelike dood is die werk van God deur sy Heilige Gees. Dit is Hy wat die nuwe lewe in die dooie hart van 'n sondaar tot stand bring.

- Hy maak die hart oop en ontvanklik vir die Woord (Hand. 16 : 14).
- Hy stel ons in staat om die geestelike dinge te onderskei en te beoordeel (Kor. 2:12-15).
- Hy gee aan ons wysheid en verhelder ons geestesoë om God werklik te kan ken (Ef. 1:17, 18).

Die wedergeboorte is 'n vernuwing van die hele mens.

- Daardeur word die *verstand* vernuwe sodat ons God reg kan ken.
- Daardeur word die *hart* en die *gevoel* vernuwe sodat ons God reg kan *liefhê*.
- *Daardeur word die wil* vernuwe sodat ons God reg kan *dien*.

Die wedergeboorte is 'n verandering van lewensrigting wat die Heilige Gees in jou hart laat plaasvind.

En daarom is die sigbare vrugte daarvan by die wedergeborene sy geloof en sy bekering. Hy wat God ken en liefhet is 'n gelowige, en hy wat Hom reg dien is 'n bekeerde.

Wie wedergebore is, leef in Christus, en Christus in Hom.

Die wedergeboorte is 'n wonder van God wat Hy doen deur sy Gees

- net so 'n groot wonder as die skepping en die opstanding uit die dode;
- 'n Wonderwerk waardeur Hy dooie sondaarmense inlei in die lewende ligkring van sy genade, en waardeur Hy woning maak in hulle harte, sodat hulle Hom voortaan met oorgawe sal ken, liefhê, en dien.

**Ds. Pieter van der Walt.**

# *Wedergeboorte en doop*

In ons godsdiens is daar woorde wat dikwels vir ons groot probleme gee.

Baie mense raak selfs daardeur verward — veral as dit verkeerd gebruik word. Soms word so 'n woord ook so baie gebruik (en selfs misbruik!) dat dit soos 'n afgeslete muntstuk geword het — jy gebruik dit maar meganies en weet nie meer presies wat daarop staan nie. So 'n woord is "wedergeboorte".

Om weer gebore te word ... Dit is die allernoodsaaklikste ding wat met 'n sondaar moet gebeur. Jesus sê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh. 3:3).

Maar laat ons tog nie van die wedergeboorte 'n ingewikkelde, moeilike, teologiese probleem maak nie, maar heel eenvoudig soos 'n kind dit raaksien:

Wedergeboorte — 'n nuwe lewe.

Dit is nie 'n produk van die mens self nie. Die mens kan nie aan homself 'n nuwe lewe gee nie. Net so min as wat ons onself by geboorte "gemaak" het, net so min kan die mens 'n nuwe lewe "maak". Alleen God gee die lewe.

En as hierdie lewe bederf is deur die sonde, is dit ook alleen God wat weer in die plek daarvan 'n nuwe lewe kan gee.

Ons het nie onself laat gebore word nie.

Ons het nie onself verwek nie. Net so kan ons nooit self 'n nuwe lewe prakseer nie. In sy gesprek met Nikodemus sê Jesus baie duidelik dat die wedergeboorte deur God die Heilige Gees kom (Joh. 3).

Die ou Hervormers het dit ook baie goed raakgesien tot hulle verklaar het dat die mens so bedorwe en heeltemal onbekwaam is, tensy hy deur die Gees van God wedergebore word. En wat het die wedergeboorte nou te doen met ons Doop? Alles . . .

Hierdie *nuwe lewe in Christus* (wedergeboorte) word immers aan ons by ons doop **BELOOF**.

Let wel: ons skryf **BELOOF** met hoofletters om besonderlik die aandag daarop te vestig.

Wat is dit dan wat aan ons by ons doop gegee word?

Gee die doop die saligheid self — of is dit **belofte** van die saligheid?

Was die doopwater self jou sondes af — of is dit die **belofte** dat die bloed van Christus jou was van jou sondes?

Bewerk die doop self die wedergeboorte — of is dit 'n **belofte** dat aan jou die nuwe lewe (wedergeboorte) deur die Heilige Gees gegee word?

Maar die doop kom nie alleen met die **belofte** van die wedergeboorte nie . . . dit kom ook met die **eis** van gehoorsaamheid van God en sy Woord.

God gee nie alleen nie, maar Hy vra ook.

Hy gee nie hierdie nuwe lewe buite sy Woord om nie.

In 1 Petrus 1 : 23 lees ons duidelik:

"Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit die onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly."

Die Heilige Gees gebruik altyd die Woord, die Evangelie, as sy instrument.

Wil jy dus die nuwe lewe (wedergeboorte) wat aan jou by jou doop beloof is, ervaar?

Gaan lees dan jou Bybel. Soek die prediking van die Woord op. Maak erns met jou gebed. Soek die waarheid volgens die Heilige Skrif. Sien raak hoedat dit God is wat jou tegemoetree — om aan jou die nuwe lewe in Christus te gee!

***Dr. Victor d'Assonville.***